**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**ONTWERP SG**
**(Oop)**

**PUNTE: 300**

---

Die eksamen bestaan uit EEN vraestel: Die Praktiese Oop Eksamen. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE dele, die Werkboek (voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e) en die Finale Praktiese werk(e). Daar is GEEN Teorie-eksamenvraestel nie.

Algemene instruksies verskyn in GUIDELINE DOCUMENT 2002 ART2 (SG) DESIGN (SG) 602 en CASS PORTFOLIO ART II SG.

**ALGEMENE INLIGTING: OOP EKSAMEN**

- Die voltooide Werkboek (Jaarwerkboek en Eksamenwerkboek) met Jaarwerke en die Finale werk(e) moet op 15 SEPTEMBER 2006 om 12:00 by die eksamenkommissaris ingelewer word.
- Individuele skole mag ? vroeër inlewerdatum vasstel om by hulle eie interne skedules in te pas.

- Die FINALE EKSAMENWERKBOEK (A3) moet die volgende bevat:

  1. Inhoudsopgawe
  2. Navorsingsprojek
  3. Verwysingsmateriaal
  4. Voorbereidende tekening en EEN A3- of TWEE A4-grootte finale tonale tekening(e)
  5. Rasionaal

- Besonderhede oor hoe elke kategorie benader moet word, verskyn in die GUIDELINE DOCUMENT 2002 ART 2 (SG) DESIGN (SG) 602 en CASS PORTFOLIO ART II SG.

- **Jaarwerkvereistes**: Elke kategorie vir Ontwerp sit die verskillende vereistes vir die Jaarwerk uiteen. Hierdie vereistes is vervat in die GUIDELINE DOCUMENT 2002 ART 2 (SG) DESIGN (SG) 602 en CASS PORTFOLIO ART II SG.

  LW: Die vereistes vir die Jaarwerk is verpligtend en slegs kandidate wat in staat is om aan hierdie vereistes te voldoen, mag die eksamen in hierdie vak aflê.

  Kandidate wat geen Jaarwerknavorsing (A4- of A3-grootte werkboek), voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale jaarwerktekening(e) en TWEE praktiese jaarwerke inhandig nie, sal geen punte vir hierdie gedeelte van die eksamen ontvang nie.

- **Nasien van die eksamen**: Finale werke, soos voorgeskryf in die eksamenvraestel, moet as ? **uitstalling** aangebied word saam met die Finale Werkboek (A3-grootte navorsing, voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e) en TWEE Jaarwerke, Jaarwerkboek (A3- of A4- grootte navorsing, voorbereidende tekening en 1 x A3- of 2 x A4-grootte finale tonale tekening(e))
- Werklike Jaarwerke, en nie foto's daarvan nie, moet uitgestal word.

- **Assessering**: Punte sal soos volg toegeken word:

**Jaarwerk**

| | | |
|---|---|---|
| Navorsingsprojek (A3- of A4-grootte) | | (25) |
| Tekeninge: EEN A3- of TWEE A4-grootte tekening(e) met voorbereidingswerk | | (25) |
| Finale Praktiese Jaarwerke | | (100) |
| | SUB-TOTAAL: | (150) |

**Eksamen**

| | | |
|---|---|---|
| Navorsingsprojek (Slegs A3-grootte) | | (25) |
| Tekeninge: EEN A3- of TWEE A4-grootte tekening(e) met voorbereidingswerk | | (25) |
| Finale Praktiese Werke | | (100) |
| | SUB-TOTAAL: | (150) |
| | **TOTAAL:** | **300** |

1. VOLTOOI DIE VOLGENDE EKSAMENNAVORSINGSPROJEK

**NAVORSINGSPROJEK (insameling van inligting)**

**Vereistes**

Die navorsingsprojek moet direk na die Inhoudsopgawe in die A3-grootte werkboek verskyn. Die navorsing behoort nie in opstelvorm geskryf te word nie, maar eerder aangebied word as ? versameling **beelde/illustrasies** met aantekeninge (? wisselwerking tussen teks, beeldmateriaal en sketse). Die aanbieding en bladuitleg van hierdie komponent is baie belangrik.

Die navorsingsprojek moet uit die volgende DRIE dele bestaan om sodoende die kandidaat se probleemoplossingvermoë wat betref enige aspek van die ontwerpopdrag / tema in EEN van die gekose kategorieë te stimuleer.

**LW**: DEEL 1 en DEEL 2 moet uit ± 200 woorde bestaan.

**DEEL 1 (5 PUNTE)**

**Verkenning / Ondersoek van die tema**:

Die kandidaat moet ? **persoonlike verkenning / ondersoek** onderneem en ? waardering doen van enige aspek **van ontwerp wat van toepassing op die tema / opdrag is**. Enige funksionele objek / artikel, kunstenaar, ontwerpmaatskappy, ens. wat met die gegewe tema verband hou, mag ondersoek word.

Die ondersoek mag ? bespreking van enige van die volgende aspekte insluit:

- Die invloed van kultuur / media / omgewing / tradisies / geloofstelsels / klas / politiek / ras / geslag of enige ander faktor(e) wat die ontwerper se benadering tot die objek / artikel kan beïnvloed
- Historiese ontwikkeling
- Funksionaliteit en dekorasie
- Kunsbeginsels en kunselemente
- Media / materiaal
- Stylkenmerke, ens.

**DEEL 2 (10 punte)**

Die kandidaat moet ? **persoonlike ondersoek doen en ? vergelyking tref tussen twee of meer aspekte van die opdrag / tema / of ontwerp in sy sosiale, historiese en kulturele verband**. Bespreek ooreenkomste en verskille wat enige aspek reflekteer soos van toepassing op ontwerp. Dit kan twee of meer kunsstyle, ontwerpers / kunstenaars, mediums, ens. wees.

Ondersoek verskillende tendense / style en motiveer die voorkoms van sekere kenmerke van sommige van hierdie kunsstyle of tendense, kunstenaars of mediums in jou praktiese werk.

**DEEL 3 (10 punte)**

Die kandidaat moet ? **formele analise en kritiese waardering** (100 – 200 woorde) skryf oor enige ontwerp(e) (brosjure, plakkaat, muurpaneel, keramiekstuk, ens.) **soos in die plaaslike omgewing aangetref word**. ? Voorbeeld of fotostaat van die ontwerpte objek, artikel of inligtingstuk moet in die werkboek geplak word, tesame met die bespreking en analise daarvan.

Die bespreking **mag** die volgende **insluit**:

- Empiriese data: Titel, ontwerper / kunstenaar, grootte, materiaal en datum.
- Gebruik van kunsbeginsels (balans, skikking, harmonie, verhouding en herhaling) en kunselemente (lyn, toonaard, tekstuur, kleur, fatsoen, vorm en ruimte)
- Medium / Materiaal
- Die effektiwiteit van die objek / artikel (brosjure, plakkaat, muurpaneel, ens).
- Die vereistes vir die sukses van hierdie soort objek / artikel (brosjure, plakkaat, ens.) of bemarkingsveldtog.
- Sosiale invloed / kulturele invloed / tradisies / geloofstelsels wat die sukses van hierdie objek / artikel of bemarkingsveldtog beïnvloed.
- Persoonlike ontwerperoplossings om meer effektiewe ontwerp(e) te bewerkstellig.

Die kandidaat moet gepaste woordeskat en terminologie gebruik en duidelike begrip daarvan illustreer in sy/haar bespreking en ontleding van een of meer van die objekte / artikels wat ontwerp is.

2. VOLTOOI DIE VOLGENDE PRAKTIESE OPDRAG (100 punte)

**TEMA: "UBUNTU"**

Respek vir mekaar is die rede vir die meeste suksesverhale in die lewe – die gees van "Ubuntu" filtreer deur die mense van Suid-Afrika en is te alle tye teenwoordig. Wanneer ons "Ubuntu" het, is die lewe betekenisvol omdat dit ? sterk band tussen gemeenskappe skep, mense gee werklik om vir mekaar, ongeag dit wat ons het of kan bied. Mededeelsaamheid is ? goeie eienskap inherent in elkeen wat die gees van "Ubuntu" het. ? Gevoel van trots ontwikkel omdat dit wat ons het, verkry is deur harde werk. Die besit van ? motor of huis is nie om jou ego te streel nie, maar om jou die vermoë te gee om ? medeburger te kan help wat in nood verkeer. Die lewe is vol van positiewe rolmodelle **?** die soort mense waarmee jy kan identifiseer of wil nadoen **?** Nelson Mandela, Beyers Naude, Desmond Tutu, die Dalai Lama, Gandhi, ens. Die meeste van ons ouers en onderwysers versinnebeeld moraliteit. Met "Ubuntu" kan elkeen, jonk en oud, eerbaar wees. Ons waardestelsel kan in plek wees. Die huis is ? essensiële struktuur waar eerbare norme ingestel kan word, waar ons blootgestel kan word aan die regte waardes van die lewe om ons te verryk, op te voed, en by te dra tot ons sukses. Indien jy "Ubuntu" uitleef, sal respek en eerbaarheid uitsonderlike eienskappe inherent in jou wees. As ? gemeenskap sal ons mekaar omhels, gevul met menslikheid. Opvoeding word gesien as ? manier om jou te bevry, om sodoende mag te bekom **?** mense is desperaat op soek na kennis en om dit weer oor te dra na hulle gemeenskap. Ons word elke dag gekonfronteer met keuses. ? Keuse om die waarheid of leuens te vertel, om TV te kyk of huiswerk te doen, of om eenvoudig te besluit saam met wie jy wil uitgaan. Hierdie besluite is gebaseer op ons waardes **?** die standaarde wat ons vir onsself stel, die reëls wat ons kies tussen wat aanvaarbaar is of nie. Jou waardes affekteer die manier waarop jy aantrek, loop, praat en eet. Daar is sekere inherente waardes wat jou verhoudings en houdings moet beskerm: liefde, respek, waardigheid, verantwoordelikheid. Waardes is gebaseer op en word gevorm deur twee faktore: "Natuur" (ons is gebore met sekere waardes, karaktertrekke en persoonlikheid) teenoor "Versorging/Opvoeding" (ons waardes, karaktertrekke en persoonlikheid wat gevorm word deur eksterne invloede soos opvoeding, omgewing, ens.) Die meeste mense stem saam dat dit ? bietjie van albei is.
2006 is die jaar van "Ubuntu" vir Suid-Afrika. Jy word gevra om hierdie konsep te bemark deur feeste, konserte, gemeenskapsentrums, hulpsentrums, opvoedkundige kampe/vakansies, ens. Verander "Ubuntu" in ? bemarkbare handelsmerk wat alle mense betrokke sal laat raak by die konsep van respek en vertroue. Jy moet die woord "Ubuntu" gebruik waar letterwerk ? vereiste is.

KANDIDATE MOET **EEN** VAN DIE PRAKTIESE OPDRAGTE OOR BOGENOEMDE TEMA VOLTOOI. DIT MOET VOLGENS DIE <u>GUIDELINE DOCUMENT 2002 ART 2 (SG) DESIGN (SG) 602 CASS PORTFOLIO ART II SG</u> BEANTWOORD WORD. SIEN PRAKTIESE VEREISTES VIR ELKE KOMPONENT VAN ONTWERP SG 602.

**OPDRAG:** Voltooi EEN van die volgende praktiese komponente:

**Die getal werke wat vir elke komponent vereis word, word uiteengesit in die <u>GUIDELINE DOCUMENT 2002 ART (SG) DESIGN (SG) 602 en CASS PORTFOLIO ART II SG</u>.**

1.1 **JUWELIERSKUNS**

Ontwerp juwele wat idees oor "Ubuntu" uitbeeld. Jy kan verskillende style, jou gevoelens teenoor die lewe en die wêreld, ens. verken om jou te help in die uitvoer van die opdrag. Die stukke moet aspekte wat definitief verband hou met "Ubuntu" oordra.

**OF**

1.2 **KOMMUNIKASIE- / INLIGTINGSONTWERP**

Ontwerp ? **logo** of **identiteit** met die woord "**Ubuntu**". Dit kan enige van die volgende wees; jou maatskappy of enige artikel / objek / produk wat jy ontwikkel het om "Ubuntu" te bemark. ? Kandidaat moet ? reeks van vier bemarkingsitems vervaardig vir die gebeurtenis of maatskappy of produk om "Ubuntu" te bevorder.
(Sien <u>GUIDELINE DOCUMENT 2002 ART 2 (SG) DESIGN (SG) en CASS PORTFOLIO ART II SG.)</u>

**OF**

1.3 **ILLUSTRATIEWE ONTWERP**

**Illustreer** enige aspek wat verband hou met "**Ubuntu**". Dit mag jou maatskappy of enige artikel(s) / objek(te) / produk(te) wees wat ontwikkel en gebruik word om "Ubuntu" te bevorder. Die titel van die boek / tydskrif en CD is "Ubuntu" en moet op die omslae verskyn. (Neem asseblief kennis dat die titels op alle items met die **hand gedoen moet word**.)

**OF**

1.4 **DEKORATIEWE ONTWERP**

Ontwerp **patrone** of **konseptuele ontwerpe** wat deel kan wees van die versierings en / of produkte / handelsware wat verkoop kan word om "**Ubuntu**" te bemark. Dit mag insluit jou gevoel teenoor die lewe (lewensuitkyk) en die wêreld of ? kombinasie van gebeure en plekke oor die wêreld wat jou beïnvloed het. Dra jou persoonlike merk / styl oor "Ubuntu" uit in die ontwerpe.

**OF**

1.5 **TEKSTIELONTWERP**

**Opsie A**

Ontwerp ? spesifieke **tekstiel-** of **kledingstof** om sodoende "**Ubuntu**" te bemark. Die stukke moet verskillende gevoelens, herinneringe en idees wat verband hou met "Ubuntu" oordra en uitbeeld. (Sien GUIDELINE DOCUMENT 2002 ART 2 (SG) 602 en CASS PORTFOLIO ART II SG.)

**Opsie B (Modeontwerp)**

? Kandidaat mag verkies om spesifieke **tekstiel(e)** of **kledingstowwe** te skep wat sal dien as uitrusting(s) vir ? modeskou waar "**Ubuntu**" bemark word.

Voltooi die volgende:

**VIER FINALE WERKE:**

- DRIE herhaalpatroonontwerpe waarvan TWEE meng-en-pas moet wees (die twee ontwerpe moet bymekaar pas). Grootte 3 x A3, sowel as
- EEN modeontwerpskets van ? model wat sowel die voorkant as agterkant van die kledingstuk vertoon.
- Materiaalmonsters en -bykomstighede mag ook getoon word.
- Elke voltooide herhaalpatroonontwerp moet ? minimum grootte van A3 wees, geverf op papier of karton.
- Die skets mag in kleur of in ? monochromatiese tekenmedium van A3- tot A2-grootte voltooi word.
- Die skets is deel van die finale werk en moet nie beskou word as een van die finale tonale sketse wat ook ingelewer moet word nie.

**OF**

1.6 **FOTOGRAFIE**

As ? ateljeefotograaf word jy gevra om ? reeks van TIEN foto's te neem van enige iets wat verband hou met "Ubuntu" vir Beeldende Kuns-doeleindes of vir ? bemarkingsveldtog. Eenheid en kontinuïteit in die ontwikkeling van die tema moet getoon word. Negatiewe en foto's moet alles deur die kandidaat ontwikkel word onder toesig van die kunsonderwyser/es.

**OF**

1.7 **INDUSTRIËLE ONTWERP**

Ontwerp en skep ? lamp-en-stoel-stel wat verkoop moet word by ? uitstalling om "Ubuntu" en jou vermoëns as industriële ontwerper te bemark. Die tema "Ubuntu" moet ? integrale deel van die konstruksie uitmaak. Die eenhede moet duursaam, ergonomies en esteties aangenaam wees.

**OF**

1.8 **WEEFKUNS**

Ontwerp en skep EEN funksionele artikel, byvoorbeeld ? houer wat kan oop- en toemaak, wat gebruik kan word in die ingangsportaal van die parlement met die tema "Ubuntu". Die ontwerp wat gebruik word, moet ? verduidelikende funksie hê oor wat "Ubuntu" behels.

**OF**

1.9 **GLASKUNS**

Ontwerp ? loodglaspaneel vir die ingangsportaal van die parlement wat "Ubuntu" uitbeeld. Die ontwerp wat gebruik word, moet ? verduidelikende funksie hê oor wat "Ubuntu" beteken/behels.

**OF**

1.10 **REKENAARONTWIKKELDE ONTWERP**

Ontwerp ? logo of identiteit vir die woord "Ubuntu" wat gebruik gaan word vir bemarking. Een van die volgende aspekte kan geadverteer word:

- ? Spesifieke maatskappy / winkel wat artikels / objekte verkoop wat verband hou met "Ubuntu".

**OF**

- Die gebeurtenis / uitstalling wat "Ubuntu" bevorder

**OF**

- ? Produk / artikel wat verkoop kan word deur die "Ubuntu"-maatskappy

  * Wanneer ? kandidaat kies om ? boek- / tydskrifomslag en CD-omslag te ontwerp is die volgende van toepassing:

Die boek- / tydskrifomslag en CD-omslag kan enige aspek uitbeeld wat van toepassing is op die tema. Dit kan ? geskiedkundige, hedendaagse of futuristiese beskouing wees. Die titel van die boek / tydskrif en CD-omslag is "Ubuntu", en **moet** op die handgeskrewe gedeelte aangebring word. Hierdie letterwerk kan dan in die rekenaar ingeskandeer en gemanipuleer word of nuwe letterwerk kan vanaf die rekenaar gebruik word vir die rekenaarontwikkelde gedeelte.

**ADDENDUM A / *BYLAAG A***

This addendum must be cut out, copied, completed, signed and pasted on the front cover of the Examination Workbook and the Yearwork.

*Hierdie bylaag moet uitgesny, gekopieer, ingevul en onderteken word en op die voorblad van die Eksamenwerk-boek en Jaarwerkboek geplak word.*

Indicate with a cross (**X**) whether this is the Year Workbook or Examination Workbook.

*Dui met 'n kruis (**X**) aan of hierdie die Jaarwerkboek of Eksamenwerkboek is*.

| | |
|---|---|
| YEAR WORKBOOK<br>*JAARWERKBOEK* | |
| EXAMINATION WORKBOOK<br>*EKSAMENWERKBOEK* | |

**2006 OPEN EXAMINATION / *OOP EKSAMEN 2006***

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Name of Subject / *Naam van Vak* | |
| 2 | Code of Subject / *Vakkode* | |

Declaration / *Verklaring*

| | |
|---|---|
| This work was done under the supervision of the Art educator and without the help of anybody else.<br><br>This is to certify that all work submitted is the original and own work of the candidate. | *Hierdie werk is onder toesig van die Kunsopvoeder, sonder enige hulp van enigiemand anders gedoen.*<br><br>*Hiermee word gesertifiseer dat alle werk wat ingelewer is die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.* |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Examination Number/<br>*Eksamennommer* | | | | | | | | | | | | | |
| Centre Number / *Sentrumnommer* | | | | | | | | | | | | | |
| District / *Distrik* | | | | | | | | | | | | | |
| Region / *Streek* | | | | | | | | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| | Signature / *Handtekening* | Date / *Datum* |
| Principal / *Hoof* | | |
| Examination Commissioner / *Eksamenkommissaris* | | |

## ADDENDUM B / *BYLAAG B*

NB: SEND IN ON OR BEFORE 1 SEPTEMBER 2006 FAX TO: (012) 346 1740
*LW: STUUR IN VOOR OF OP 1 SEPTEMBER 2006 FAKS AAN: (012) 346 1740*

NUMBER OF CANDIDATES ENROLLED FOR DESIGN SG 602-2/0
*GETAL KANDIDATE INGESKRYF VIR ONTWERP SG 602-2/0*

SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION : 2006
*SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN : 2006*

SCHOOL / *SKOOL*: ______________________________________________

DATE / *DATUM*: ______________________________________________

ADDRESS / *ADRES*: ______________________________________________

---

TEL NO.: / *TEL. NR*.: ______________________________________________

FAX NO.: / *FAKSNR*.: ______________________________________________

CENTRE NUMBER / *SENTRUMNOMMER*: ____________________________________

ART EDUCATOR / *KUNSOPVOEDER:* ______________________________________

**2006 OPEN EXAM : DESIGN SG 602-2/0**
***OOP EKSAMEN 2006 : ONTWERP SG 602-2/0***

Please note that centre number ___________________ has fewer than ten / more than ten candidates enrolled for DESIGN SG for the Senior Certificate Examination for 2006. The exact number of candidates is: __________.

*Let asseblief daarop dat sentrumnommer ___________________ minder as tien / meer as tien ingeskrewe kandidate in die vak, ONTWERP SG, vir die Seniorsertifikaat-eksamen van 2006 het. Die ingeskrewe getal kandidate is: __________.*

Please send to
The Examiner: DESIGN SG
P O Box 36294
Menlo Park
Pretoria
0102
Fax Number: (012) 346-1740

*Stuur asseblief aan*
*Die Eksaminator: ONTWERP SG*
*Posbus 36294*
*Menlo Park*
*Pretoria*
*0102*
*Faksnommer: (012) 346-1740*

**ADDENDUM C(1) / *BYLAAG C(1)***

DECLARATION BY THE ART EDUCATOR
*VERKLARING DEUR DIE KUNSOPVOEDER*

WORK SUBMITTED TO THE EXHIBITION VENUE TO BE HANDED TO THE PERSON IN CHARGE OF THE EXHIBITION VENUE

*WERKE INGELEWER BY DIE UITSTALLOKAAL AAN DIE PERSOON IN BEHEER VAN DIE UITSTALLOKAAL*

I, the art educator of ______________________________________________________

centre number ______________________ declare that the completed works (design and workbooks) of _________ candidate(s) were handed to this exhibition venue _____________________ to ___________________________ (person in charge) for evaluation on this ______ day of _________________ 2006 for the subject DESIGN SG 602-2/0.

*Ek, die kunsopvoeder van _______________________________________________ sentrumnommer __________________verklaar hiermee dat _______________ kandidate se voltooide werke (ontwerp en werkboeke) by hierdie uitstallokaal ___________________ aan ______________________________________( persoon in beheer) oorhandig is vir ? evalueringsuitstalling op hierdie ________ dag van __________________2006 vir die vak ONTWERP SG 602-2/0.*

ART EDUCATOR / *KUNSOPVOEDER:* ___________________________________________

EXHIBITION CO-ORDINATOR / *UITSTALLING SKOÖRDINEERDER* : ___________________

**END / *EINDE***